Woensdag 29 April
Skrifgedeelte: Esegiël 36:25-27
Fokusgedeelte: Esegiël 36:26, 27 (AFR 33/53;AFR 1983;AFR2020)

## Die Heilige Gees werk God se genade in jou hart

Besef jy hoe groot God sê liefde vir jou is? In Esegiël 36:16-20 hoor ons van Israel se slegte verlede en hoe hulle God se Heilige Naam oneer aangedoen het. Ten spyte daarvan hoor ons verder in Esegiël 36:21-27 van God se nuwe begin met Israel en daarin sien ons die liefdevolle hart van God raak. Ten spyte van ons ongehoorsaamheid wil God ook met ons opnuut weer begin.

Ons dra die heilige Naam van die HERE, ten spyte daarvan dat ons dit deur die modder gesleep het. God se heiligheid is die grond van ons redding en dit is die bron van sy liefde wat Hy vir ons in Jesus Christus se kruisiging en opstanding gewys het. Ten spyte van ons sonde maak God nog steeds moeite met ons. Hy was ons skoon van ons sonde. Hy verwyder die afgode, dit wil sê dit wat tussen ons en Hom staan, uit ons lewens. Hy gee vir ons 'n nuwe hart.

Verlossing is baie meer as net vergifnis van sonde. Dit is 'n totale transformasie van jou hart wat aan jou 'n nuwe gewilligheid gee om God te gehoorsaam en sy wil na te volg. Die Heilige Gees plant God se liefde in ons harte en daarom is dit nie net 'n oppervlakkige gedragsverandering nie. Dit is 'n fundamentele transformasie van jou wil en denke om in 'n intieme verhouding met God saam te leef en Hom te dien.

Wil jy ook 'n hartoorplanting hê? In Galasiërs 5:18 sê die Here dat jy jou deur die Gees moet laat lei. God gee vir jou 'n nuwe hart, maar Hy maak nie van jou 'n robot nie. In Lukas 11:13 sê ons Vader vir ons dat Hy die Heilige Gees sal gee vir elkeen wat daarvoor vra. Bid dat God sy Heilige Gees vir jou gee en beleef die wonder van sy liefde.

*Sing: Psalm 33-1:11*

*Ds. JG (George) van der Walt (Emeritus)*